

Ds. A. W. C. Bester
Calvinia
15 April 1973

Onderwerp: Betekenis van gebed - leemtes in ons
gebedslewe. Oorsake van hierdie
leemtes.

Lees: Matthéüs 6 verse 5 tot 18
Teks: Die perikoop
Sing: Gesang 49 verse 1 en 5
Gesang 33 vers 7

“Die gebed is ’n onpeilbare wonder en genademiddel van God. In die begin lyk dit so eenvoudig. ’n Kind van vier of vyf jaar kan bid. ’n Heiden kan bid as hy by die altaar van die Evangelie bewus word van sy sonde. ’n Sterwende mens, wat nog nooit voorheen gebid het nie, kan in sy sterwingsangs na God roep. En tog bly gebed ’n onpeilbare wonder.

“Dink na oor die betekenis daarvan. ’n Onderdaan kan sy aardse koning nie sonder afspraak spreek nie - ’n voorreg en guns wat min geniet. Maar die oneindige God wat oor die heelal beskik, is elke oomblik gereed om sy aandag aan die geringste en onwaardigste te wy. Is dit nie ’n wonderlike genade nie? In gebed het ons ’n onbeperkte toegang tot God. Hoe weinig besef ons tog die voorreg om te mag bid.

“Dink verder: ’n mens kan buiten vir homself, ook vir ander bid. Dit beteken dat ’n gelowige vir ’n woestaard, ’n dronkaard en ongelowige kan bid en so vir hulle die lewe en genade by God kan verkry. As ons dit werklik glo sal ons as Christene bid vir die redding van verlore gaande siele.

“Nog verder, een mens kan die seën van God afbid op duisende. In Indië het ’n herleweing op ’n sekere sendingstasie gekom, terwyl die ander stasies dor en leweloos gebly het. By ondersoek het dit aan die lig gekom dat een persoon in Engeland gereeld om herlewing vir hierdie stasie gebid het. Is dit nie ’n bewys dat gebede ’n onpeilbare wonder is nie?

“Dink verder daaraan dat die ganse Koninkryk van God op aarde van die gebede van sy volk afhanklik is. God het Homself beperk toe Hy hierdie mag aan die mens toevertrou het. Hy is gewillig en verlang om sy seën uit te stort, maar Hy doen dit nie. As gevolg van sy eie bepaling, wag Hy op die gebede van sy volk.

“Broers en Susters, die gebed is inderdaad ’n onbegryplike wonder van God se liefde en genade. Dit is ons begeerte dat daar ’n herlewing in ons kerk sal kom - daarom hierdie voorbereidende werk in 1973. Maar alle herlewings het sy ontstaan deur gebed. Daarom, mag God gee dat ons, sy Kerk, onder die besef sal kom van die wondermag wat God in ons hande gegee het en ons gewillig maak om alles op te offer om deur die gebed te stry vir die bekering van siele tot verheerliking van God onse Vader.

“Ons wil vertrou dat hierdie gesprekke oor gebed ons dan sal bring tot algehele oorgawe en bereidheid om ingeskakel te word in God se plan met die mens op aarde, naamlik sy verlossing.

“Broers en Susters, by selfondersoek - en dit is voor alles nodig - moet ons tog erken dat daar baie leemtes in ons gebedslewe is.

“As die gebedslewe van baie lidmate die polsslag op geestelike gebied aandui, soos die binnekamer die ingesteldheid van die individu se hart aandui, sal dit nie pessimisties wees om te sê dat die pols onrusbarend swak klop nie. Dood is vele beslis nie. Daarvoor is daar nog genoeg getuienis van bekering en geestelike opbloeï. Kerngesond is ons egter ook nie, dink maar aan ons bidure en hoe vêr ons beste pogings nog te kort skiet. Daar is leemtes in ons gebedslewe wat ’n chroniese ongesteldheid geword het en maak dat baie dit nie meer na reg gebruik nie.

“Daar is ’n gebrek aan vuur in ons gebede. Hoe sonder geesdrif is ons gebede nie soms nie. Asof ons nie ’n grote God het tot wie ons in die gebed nader nie. Mens mis die gebede wat die uiting is van ’n hart wat van vreugde oorloop; of wat met groot smart bevange is ter wille van ’n verlore wêreld. Koue gebede is soos pyle sonder punte, voëls sonder vlerke - hulle styg nie hemelwaarts nie.

“Daar is ook weinig van die gees van gebed - die gees van gebed wat in onbedwingbare taal van danksegging, aanbidding en smeking uiting moet vind. Nie alle gebede is die vrug van ’n ware gees van gebed nie, omdat nie alle bidders deurdronge is met die Gees van God wat self vir ons intree met onuitspreklike sugtinge nie. Gebedslus ontbreek omdat daar nie gebedsbehoefte is nie. As die ware gebedsgees heers, sal ons ook begeerte hê om met ander saam te verenig om sake van gemeenskaplike belang voor God te lê.

“Daar is ook ’n gebrek aan geestelike vêrgesig of geestes horison. Baie se gebede wentel net om hulself,

of daar word voorbidding net vir die familie, omgewing en kerk gedoen. Die oorsaak van hierdie gebrek aan geestelike vêrgesig moet gesoek word in die feit dat ons onkundig is oor die nood rondom ons in hierdie wêreld. Onthou God se grootheid. Die eer van God in sy verheewendheid en die liefde van God in sy omvattendheid, sowel as die krag van God in sy alvermoë, moet die bepeinsing van die biddende siel word.

“Daar is ook die groot getal swygende bidders in gebedsbyeenkomste. Swygend omdat mensevrees hulle terughou. Hoe jammer tog dat die tong wat andersins vloeiend en gesellig is, nie geoefen word om deel te hê aan die hoogste aksie en uiting van die siel in gemeenskap met God en ander siele nie. Wanneer die Heilige Gees egter besit van die mens neem, kom die gebed spontaan na die lippe. Mense se vrees verdwyn en selfbewustheid maak plek vir bewustheid van Jesus Christus.

“Wat is die oorsaak van hierdie leemtes? Gebed sonder toewyding is soos ’n liggaam sonder lewe.

“Reinig jou hart voordat jy bid.

“Die verwaarloosde binnekamer: ’n bidder moet reg wees in sy binnekamer-verhouding tot God. Bidders wat in ’n gebedsbyeenkoms vurig bid sonder om die geheim van die ware omgang met God in die verborgenheid te ken, is soos iemand wat in sy huis in onenigheid met sy huisgenote lewe, maar in die openbaar oordrewe vriendelikheid teenoor hulle betoon. Dit is niks anders as geveinsheid en skynheiligheid nie. Hoe eenvoudig is die gebed van die siel wat in harmonie met God leef - nie opgesmuk nie, geen treffende beeldspraak nie, net maar die egtheid van ’n kind wat met sy vader praat.

“Gebrekkige geestelike lewens: dit is die mens se lewe wat bid. Dit is die lewe in al sy verhoudings, begeertes en ideale, wanverhoudings, drifte en swakhede wat inwerk op die gemoed van die bidder en op die krag van sy gebed. Geestelike vervreemding tussen God en die mens maak ware gebedsgemeenskap onmoontlik. Dit is die lewens van bidders wat veroorsaak dat daar leemtes in hulle gebede is. Dit mag ongeredde lewens wees. Dit mag bidders wees wat nog nooit die dieper dinge van God en sy Koninkryk gesoek en bestudeer het nie. Mense wat nog nooit naak voor die verhewe troon van God gestaan het nie. Mense wat nog nooit skuiling gesoek het onder die bloed van die Lam nie. Die mate van ’n

Christen se krag in die gebed is na die mate van sy Christelike toewyding en sy gehoorsaamheid aan God. Ons moet sy bevele gehoorsaam, dan sal God ook na ons smeking luister. As Hy sê: gaan en getuig, dan moet ons gehoorsaam wegtrek. Soos Jesaja sê: hier is ek, stuur my. Ons moet gedrywe word vanweë die nood rondom ons.

“Ongeloof: glo ons nog dat God die onmoontlike kan doen? Dit is eenvouding om groot dinge van God te vra. Dit is ’n ander saak om groot dinge van God te verwag. Tereg sê Jakobus: die een wat bid in die geloof, moet vra sonder om te twyfel ‘want die een wat twyfel is soos ’n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortsgeweep word. Dié mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie.’ (Jak 1:6,7)

“Gebed is die enkel draer van geloof soos die koevert die draer is van die brief. Alles is moontlik vir die een wat glo. (Mrk 9:23) Sal baie nie totaal verbaas wees as God hulle verhoor nie - ons verwag so min van God.

“Onkunde: Hosea moes in sy tyd reeds kla: ‘my volk gaan ten gronde weens ’n gebrek aan kennis.’ Die onkunde onder God se kinders is vandag groot. Eerstens is daar die onkunde met betrekking tot ons behoeftes op geestelike gebied. Ons voel dikwels ’n onverklaarbare leemte in die siel. Net omdat ons nie vir onself duidelikheid daarvoor het nie, is die gebed vaag. So ook waar daar nood in ons gemeente is.

“Daar is die onkunde oor die Woord van God. Dit is God se Woord wat ons voorberei vir die gebed. Die bidder moet die beloftes van God se Woord bestudeer en ken.

“Ons dra ook weinig kennis van die feit dat ons van God self die status van ’n koninklike priesterdom ontvang het. Petrus vat dit so mooi saam as hy sê: ‘julle is ’n uitverkore geslag, ’n koninklike priesterdom’. (1 Pet 2:9) Ons taak as priesters is om voorbidding te doen vir ander. So min besef ons vandag die uitnemendheid van hierdie roeping. God stel die sleutel van sy skatkamer in die hande van die bidder. Ons kan vir ander deur die gebed hierdie skatkamer ontsluit.

“’n Gebrek aan eenheid onder bidders: waar skeuring en verdeeldheid is, kan geen ware gebed wees nie. Eendragtigheid in gebed is nodig vir die uitstorting van die Heilige Gees. Die waters van die magtige Victoria-waterval was eens afsonderlike druppels wat saamgevoeg is. Dit is vernederend om te sien hoe die kinders van God soms in verdeeldheid

lewe. Dit is een manier van Satan om ons magtigste wapen skadeloos te stel.

“Verwaarloosde huisaltare: dit is hier waar ons krag lê. Hier leer ons om vrymoedig voor God te wees. Die Cornelius gesinne in ons gemeentes is ’n behoefte: ‘wat met sy hele huis vroom was en godvresend en altyd deur in die gebed tot God’. (Hand 10:1,2)

“Geen werklike begeerte: ’n gebed wat nie ’n oorheersende begeerte het nie, is te swak om iets te verwerf. Gebed is om te honger en te dien. God weet wanneer ons gebede slegs ’n ydele herhaling van woorde is. Hoe moeg klink die gebede van vele nie soms nie. Geen saak om by God te bepleit nie. Geen las wat swaar druk op die hart nie. Geen oorheersende hartstog wat uiting vind oor die bidder se lippe nie. Selfs die gebed om vergifnis kan soms oppervlakkig wees.

“Die Psalmis gee ons die versekering: ‘Die Here is naby almal wat Hom aanroep, almal wat Hom aanroep in waarheid.’ (Ps 145:18) Ons moet werklik begeer om te bid. As ons bid om herlewing, moet dit die werklike begeerte wees. Ons vra soms om volle besit deur die Heilige Gees, terwyl ons dit nie begeer nie. Daarom is ons gebede soms leeg.

“Ons gebede kan soms vergelyk word met die geksheerdery van stout seuns wat klop aan die deur en weghardloop voordat die eienaar kan oopmaak.

“Broers en Susters, God soek mense deur wie Hy die wêreld kan seën. Hy wil ons ontmoet, ons blymoedigheid en geloofsversterking gee - as ons maar net reg wil bid.

“Hoe moet ons bid? Hierin is daar net een wat ons voorbidder kan wees. Jesus die groot bidder wat gesê het: so moet julle bid.

Aanstaande keer gaan ons na Hom om te leer hoe ons moet bid.

“Amen.”

(Ons het nie ds. A. W. C. Bester se opvolg preek oor hoe ’n gelowige moet bid nie, anders sou ons dit volgende geplaas het.)